



van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika

17 Mei 2017

Aan: Sinode van die VGKSA
Soshanguve, 7 – 11 Augustus 2017

Insake: **Tentemakerspredikante en Opleiding**

Weleerwaarde en eerwaarde broeders in Christus

Die ontwikkelings in die sendingwerk maak dit vir ons noodsaaklik om die strategiese beleid af te stem nie net om dit vir die kort- of middeltermyn te deurdink nie, maar ook vir die langtermyn.

Ons glo dat die opdrag van Christus om waar moontlik te getuig en kerke te plant "tot aan die uiterste van die aarde" (Handelinge 1:8) "al die dae tot aan die voleinding van die wêreld" (Matteüs 28:20) geldig bly. Dit is ons uitgangspunt.

Maar die praktyk het ons geleer dat daar beperkings aan ons eie moontlikhede is om die sendingwerk soos dit tot nou toe uitgevoer is, op hierdie manier te bly doen.

Eensyds kan ons nie daarop vertrou dat ons steeds dieselfde ondersteuning van ons huidige borge uit Nederland sal ontvang nie. Die doel is mos duidelik gestel: hierdie ondersteuning moet afgebou word.

Andersyds kan ons nie verwag dat die jong gemeentes wat onder andere op die Kaapse Vlakte uit die sendingwerk ontstaan (het), 'n voltydse predikant sal kan onderhou nie, omdat hierdie gemeentes vir 'n (groot) deel uit lidmate gevorm is wat in armoede lewe en eerder diakonale ondersteuning benodig.

Dit beteken dat die verwagting van elke kerk wat as gevolg van die Woordverkondiging (deur evangelisasie of sending) geplant mag word, ten opsigte van die verlede aangepas moet word: hierdie gemeentes sal nooit 'n akademies opgeleide voltydse predikant self kan betaal nie.

Moet ons die sendingwerk dan maar beëindig? Kan ons die opdrag van Christus dan glad nie meer uitvoer nie? Dit kan nooit die bedoeling wees nie.

Die kerkraad van die VGK Kaapstad het kennis geneem van die gedagtes wat tydens die Sendingbosberaad 2017 in die Kaap bespreek is. Een van die gedagtes is dat, gelet op die kulturele omstandighede van die gemeentes wat in die Kaap uit die sendingwerk onder die seën van die Here ontstaan (het), dit meer realisties is om 'n 'tentemakerspredikant' daar te laat dien.

Hierdie tentemakerspredikant, 'lerende ouderling' of pastor (of watter aanduiding uiteindelik vir hierdie dienaar in die kerk vasgestel sal word) sal self ('n deel van) sy eie inkomste verdien met die bykomende finansiële ondersteuning vanuit die eie gemeente en/of die kerkverband, en verder saam met die kerkraad die gemeente lei en gereeld voorgaan in die Sondagse eredienste.

Dit beteken dat 'n lidmaat van die gemeente wat die gawes daarvoor het, 'n aangepaste opleiding sal moet ontvang en die bemagtiging om self preke te kan maak of aan te pas vir daardie gemeente.

Ook sal nader vasgestel moet word wat sy spesifieke take en bevoegdhede is.

Hierdie twee vrae is nie nuut nie. Vorige sinodes het hulle al oor hierdie vrae gebug.

Die Sinodes van 1998 en 2000 het uitvoerige studie oor die take van 'n moontlike evangelis in sendinggemeentes gedoen en uiteindelik hierdie studie gestaak omdat die vraag na evangeliste nie meer as dringend beskou is nie. Maar die onderliggende studie is nog altyd daar en kan dalk gedeeltelik ook vir die 'amp' van tentemakerspredikant gebruik word.

Die Sinode van 2014 het op versoek van die Klassis Suid verder uitgespreek dat sending meer is as net kerkstigting en dat ook opleiding en toerusting van die gemeentes (inklusief kerkrade en voorgangers) tot die taak van die sending behoort.

Die Klassis Suid vra vir die Sinode op grond van al hierdie ontwikkelings en voorgaande studies en sinode-uitsprake om ruimte vir 'n aangepaste opleiding. Kan die Deputate Kuratore hierby ingeskakel word, of kan die opleiding en toerusting van tentemakerspredikante op 'n ander manier uitgewerk word? Belangrik hierby is die vraag watter opleidingsvereistes vir hierdie tentemakerspredikant vasgestel word.


Terselfdertyd vra die Klassis Suid: Omdat verwag mag word dat binne afsienbare tyd die kerk van Wesbank binne afsienbare tyd geïnstitueer kan word, is die vraag so dringend dat dit wenslik is om 'n *ad hoc*-sinode aan die begin van 2019 in te voeg om aan hierdie saak aandag te gee.

Die vergadering van die Klassis Suid stel voor om ter voorbereiding vir daardie *ad hoc*-sinode hierdie vrae meer konkreet te laat uitwerk deur 'n studiedeputaatskap waarin die broeders ds E.L. van 't Foort, ds C.A. van Wyk, ds J.A. Breytenbach en ds J. van der Linden benoem sal word.

Die aangehegte bylaes verwys na enkele in hierdie brief genoemde uitsprake wat Sinodes alreeds gedoen het, na die brief van Klassis Suid aan die Sinode 2014 en na die Strategiese Plan van die GSK VGK Bellville en Belhar 2017-2022..

Namens die Klassis Suid

Groete in Christus



Sr M.A. de Moor
(skriba Klassis Suid)

Bylaes:

1. Brief Klassis Suid aan Sinode 2014 (die brief en die bylaes by daardie brief is in die Acta van daardie Sinode op bls. 247-264)
2. Besluit Sinode 2014 (bls. 21-23 Acta)
3. Aanbevelings en Besluite Sinode 2000 (bls. 137 en 28-29 Acta)
4. Strategiese Plan GSK VGK Bellville en Belhar 2017-2022 (volg later)